MEI 2014

TENDENSE IN DIE SERTIFISERING VAN WYN

Die sertifisering van wyn het vanaf 270.9 miljoen liter in 2003 na 450.1 miljoen liter in 2008 en tot 588.3 miljoen liter in 2013 gestyg. Dit verteenwoordig ‘n styging van 117% oor die 10 jaar periode. In 2008 en 2013 is onderskeidelik 59.0% en 63.9% van die wynproduksie gesertifiseer. Hierdie toename kan aan die buitengewone styging in grootmaat wynuitvoer in 2013 toegeskryf word.



WITWYN GESERTIFISEER - ENKEL KULTIVARS

Die sertifisering van Chardonnay, Chenin blanc, Muscat d’Álexandrie, Pinot Gris, Sauvignon blanc, en Viognier het oor die tydperk 2003 tot 2013 deurlopend gestyg, terwyl Colombar, Gewürztraiminer en Semillon na ‘n aanvanklike styging tot 2008, in 2013 teruggesak het.

Bukettraube, Crouchen (Cape Riesling) en Riesling (Weisser) toon vanf 2003 ’n afname in sertifisering. Daarteenoor toon Rousanne en Verdelho vanaf 2008 ’n toename in sertifisering.

Saamgestel deur Yvette van der Merwe, yvette@sawis.co.za 021 8075703
Charles Whitehead, charles@sawis.co.za 021 8075719



Wat wynproduksie betref is die volume tendens oor hierdie tydperk onveranderd met Chenin blanc, Colombar, Chardonnay, Sauvignon blanc, Muscat d'Alexandrie, Semillon, Crouchen (Cape Riesling) en Viognier wat die grootste volume in ton verteenwoordig.



'n Vergelyking van gesertifiseerde enkel witwyn kultivars as % van produksie, word in die onderstaande tabel en grafiek uiteengesit. Die gemiddelde verhaling (liter per ton) van die bedryf is as omrekeningsfaktor gebruik.

ENKEL WITWYN KULTIVARS GESERTIFISEERD AS % VAN PRODUKSIE SINGLE WHITE WINE CULTIVARS AS % OF PRODUCTION			
	2003 (775 l/t)	**2008** (764 l/t)	**2013** (772 l/t)
Bukettraube	11.2%	22.4%	26.2%
Chardonnay	50.3%	49.9%	51.2%
Chenin blanc	15.1%	24.9%	24.9%
Colombar	0.8%	2.5%	1.7%
Crouchen (Cape Riesling)	10.6%	5.9%	3.1%
Gewürtztraminer	19.5%	38.1%	32.0%
Muscat d' Alexandrie	1.7%	5.5%	11.7%
Pinot Gris	8.0%	88.6%	54.0%
Riesling (Weisser)	43.6%	33.9%	38.1%
Rousanne	0.0%	15.0%	13.0%
Sauvignon blanc	49.3%	56.0%	68.0%
Semillon	2.8%	3.0%	0.6%
Verdelho	0.0%	2.2%	9.4%
Viognier	27.0%	7.7%	7.1%

Bukettraube, Muscat d'Alexandrie, Sauvignon blanc en Verdelho toon deurlopend 'n stygende tendens wat sertifisering as persentasie van produksie betref. Die tendens in die gebruik van Chenin blanc, Colombar, Crouchen, Semillon en Viognier as versnitkultivars is onveranderd.

Sauvignon blanc (68%), Pinot Gris (54.0%) en Chardonnay (51.2%) toon in 2013 die hoogste sertifisering as persentasie van produksie.



ROOIWYN GESERTIFISEER - ENKEL KULTIVARS

Die sertifisering van Malbec, Mataro (Mouvedre), Merlot, Petit Verdot, Pinot Noir en Sangiovese het oor die tydperk 2003 tot 2013 deurlopend gestyg, terwyl Cabernet Sauvignon, Pinotage, Ruby Cabernet, Shiraz, Tinta Barocca en Touriga Nacional na 'n aanvanklike styging tot 2008, in 2013 teruggesak het.

Barbera, Cabernet Franc, Cinsaut, Gamay Noir, Grenache Noir en Zinfandel toon vanaf 2008 ‘n toename in sertifisering.



Wat wynproduksie betref is die volume tendens oor hierdie tydperk onveranderd met Cabernet Sauvignon, Cinsaut, Merlot, Pinotage, Ruby Cabernet en Shiraz wat die grootste volume in ton verteenwoordig.



‘n Vergelyking van gesertifiseerde enkel rooiwyn kultivars as % van produksie, word in die onderstaande tabel en grafiek uiteengesit. Die gemiddelde verhaling (liter per ton) van die bedryf is as omrekeningsfaktor gebruik.

ENKEL ROOIWYN KULTIVARS GESERTIFISEERD AS % VAN PRODUKSIE SINGLE RED WINE CULTIVARS AS % OF PRODUCTION			
	2003 (775 l/t)	**2008** (764 l/t)	**2013** (772 l/t)
Barbera	15.6%	3.4%	27.2%
Cabernet Franc	3.3%	1.5%	3.6%
Cabernet Sauvignon	29.3%	37.1%	39.3%
Cinsaut	2.0%	1.0%	3.5%
Gamay Noir	10.2%	17.0%	23.1%
Grenache Noir	6.6%	1.2%	8.7%
Malbec	5.8%	2.5%	9.5%
Mataro (Mouvedre)	2.0%	2.2%	2.7%
Merlot	21.5%	32.6%	59.2%
Petit Verdot	0.4%	0.3%	0.6%
Pinot Noir	13.3%	16.2%	15.4%
Pinotage	25.1%	51.1%	42.1%
Ruby Cabernet	7.9%	7.3%	7.1%
Sangiovese	3.8%	8.3%	13.4%
Shiraz	24.6%	41.7%	36.0%
Tinta Barocca	11.4%	17.1%	14.9%
Touriga Nacional	4.7%	14.8%	8.2%
Zinfandel	43.1%	16.9%	34.0%



Cabernet Sauvignon, Gamay Noir, Mataro (Mouvedre), Merlot en Sangiovese toon deurlopend ‘n stygende tendens wat sertifisering as persentasie van produksie betref. Barbera, Cabernet Franc, Cinsaut, Grenache Noir en Malbec toon vanaf 2003 tot 2008 ‘n afname, maar neem vanaf 2008 tot 2013 toe. Die persentasie sertifisering van die produksie van Petit Verdot en Pinot Noir bly oor die periode 2003 tot 2013 redelik konstant.

Merlot (59.2%), Pinotage (42.1%), Cabernet Sauvignon (39.3%), Shiraz (36.0%), Zinfandel (34.0%), Barbera (27.2%) en Gamay Noir (23.1%) toon in 2013 die hoogste sertifisering as persentasie van produksie. Die buitengewone toename in Merlot korreleer met die 2013 styging in grootmaat Merlot uitvoer.